H.M Viljoen
Departement Afrikaans-Nederlands

PERSPEKTIEF IN *RAKA*

Uittreksel uit *Tydskrif vir Letterkunde*
18,2, Mei 1980.

Die verteller in *Raka* dring op nog 'n manier in die innerlike van sy karakters in, naamlik deur hulle hul ruimte te laat belewe. Die ruimte word beskryf soos die karakter dit ervaar, en daarom kan 'n mens hierdie ruimtebelewing ook beskou as beperking van die alwetendheid van die verteller. Veral twee stukke ruimtebeskrywing is belangrik in *Raka*. Dit is die beskrywing van Koki en Raka se swemplekke (p. 13 en p. 21 onderskeidelik).

'n Mens kan van 'n reeks poelbeelde of swembeelde in *Raka* praat. Dit begin eintlik al met die swemmery van die vroue in die heel eerste versparagraaf van die gedig. Dit word voortgesit deur die beeld van die swart water en die paddas *(Raka* bladsye 6–7) en die beeld van strand en branders (p. 19). Die beskrywings van die twee hoofkarakters se swemplekke sluit hierby aan. 'n Mens sou dalk selfs aan water 'n simboliese betekenis in die gedig kan toeken. As jy Raka se swemmery kontrasteer met die feit dat hy later water uit potte drink, is dit duidelik dat hy 'n aansienlike afstand afgelê het en dan word dit glad nie so vergesog dat Raka ook aan beskawende invloede blootgestel word nie, F.I.J. van Rensburg ten spyt.[13] Maar dit terloops.

Koki se poel word met negatiewe beskryf: *Niemand wis* van sy grond. Dis *sonder* inloop, skadu*loos*, "omring met steil *on*veilige klippe". "*Geen* ding het daar geroer". Die water is *on*verstoor en *on*gerep. Opvallend is die organiese dinge daar feitlik heeltemal ontbreek.

Dinge uit die plantewêreld word sowat vier keer vermeld. Rondom die poel groei "enkele biesies". Twee keer word plantbeelde gebruik vir nie-biologiese dinge: die "*swart wortels* van die rand" en: "daardie nag/wat soos 'n week *swart blom* ... hier seldsaam rank" (my kursief). Voorwaar 'n baie teen-natuurlike blom. "Die klam/vertroude bosse en oewers dik van geurige palmiet en warm slik", wat in die middel van die gedeelte vermeld word, is die teenbeeld van hierdie poel waarin en waaromheen alles anorganies is: kalkrante, blink, koel, klippe, swart water, waterkranse, suiwer son, warm lug.

Dierelewe kom glad nie daar voor nie. "slegs seldsame verdwaalde manne" het al die poel se opborreling gehoor. Die stam "sluip sku" van die poel af weg. Die enigste uitsondering, "verwante enkeling", is Koki. Hy word hier dus in 'n sterk sterk uitsonderingsposisie geplaas.

Hierdie poel skreeu deur die negatiewe as't ware uit "na ánders as *hy* is". Sy volmaakte teenhanger is dan ook Raka se poel soos dit op p. 21 beskryf word. Waar Koki se poel klinies anorganies is, stink Raka s'n letterlik van groei en vrugbaarheid. Die poel self word beskryf as "'n groen poel wat stil en dik/ was van die bronslaai en warm slik". Dis vol "meelsagte wortels en pappery". Dit borrel. Dit gee 'n soet stank af. Dit word omring deur 'n verskeidenheid plante: bome, droë riet en papkuil, waterplante en struike met bessies en dorings. Teenoor die vreemde, onnatuurlike, "week swart blom" staan hier "'n tros wit en suur/ wasblomme, groot soos hande en puur/stervormig" – eksotiese blomme, weliswaar, maar natuurlik, mooi, vrugbaar, en op hulle beurt weer in teenstelling met die vuilheid van Raka. Dis 'n baie vrugbare en baie eksotiese organiese wêreld, dié gebied van Raka.

Dierelewe is in Raka se gebied ook volop. 'n Tor, 'n vaal apie word genoem, maar bowenal word hierdie gebeid oorheers deur die swart dier, Raka, self. Sy dierlike eienskappe word beklemtoon. Hy leun "om soos 'n bees te drink". Hy suip. Hy stryk sy huid met 'n poot of 'n swart poot. Sap tap "van die bek oor die bors in die blare". Raka toon wel ook menslike eienskappe: hande, 'n mond, byvoorbeeld, maar hier word hy veral met dierlike en plantaardige dinge in verband gebring. En in die slotparagraaf word hy feitlik plant as hy vergelyk word met 'n "log boomstam wat, verdrink en verrot, swaar in die stil water wieg" (p. 22). Koki, weer, word in die laaste klompie verse van die beskrywing van sy poel (vv. 2, 115–127) met "hoër dinge" in verband gebring. Die poel word "heilig" genoem. Daar is sprake van vreug, "suiwer son", "die koel geklater/ soos van groot stroomversnellings uurlank in sy ore". Koki dryf "verlore/ in die glansland van lug en wolk". En *verlore* is juis 'n woord wat al in "Gesprek van die dooie siele" 'n sterk positiewe betekenis in Van Wyk Louw se poësie gekry het.

Hierdie hoër dinge, geestelike dinge, kulturele dinge, word paradoksaal genoeg met anorganiese dinge verbeeld. Die natuurlike, "bose" wêreld van Raka is plantaardig en dierlik; en dit terwyl plant en dier tog 'n hoër trap as die anorganiese verteenwoordig. Hierdie "anorganiese" beelding kom ook voor in verse soos die volgende:

óm Koki was die grys wind
en die grys land sonder boom of gras,
en eensaam water wat branding was
tot teen ver kape ... (p. 19)

Hier word Koki duidelik in die geselskap van ander heldefigure in Louw se werk geplaas: die reisiger in "Die swart luiperd", byvoorbeeld.

Die beskrywings van Koki en Raka se swemplekke is meer as net ruimtebeskrywing. Dit is ook ruimtebelewing: die verteller beskryf hoe Koki en Raka hulle verlustig in hul onderskeie ruimtes. Koki dryf en duik. Hy voer 'n bewuste, teen-natuurlike handeling uit. Raka sak af en rol op 'n natuurlike wyse. Die ruimtes word beskryf soosdie karakter dit ervaar, en daarom verteenwoordig hierdie ruimtebelewings ook beperkings van die verteller se alwetendheid. Ruimtebelewing gee volheid aan die karakter. Daardeur leer ons Koki reeds aan die begin van die epos beter ken. Die beskrywing van Raka se swemmery is die enigste keer dat die leser 'n kykie in Raka se binnelewe kry, sy dit dan 'n beperkte kykie. Dat dit juis aan die begin van sang 4, die klimaks van die epos, voorkom, is dramaties, want dit laat blyk waarteen Koki te staan kom. Raka word daar geteken nie soseer as iets boos nie, maar as 'n natuurmag, onverskillig, meedoënloos, magtig. En as die geveg dan op Raka se terrein, so vreemd aan Koki, gaan plaasvind, is dit des te duideliker wie die oorwinnaar gaan wees. Hierdie stuk ruimtebeskrywing dien ook as 'n gedeeltelike oplossing van die raaisel van Raka se herkoms. Dit blyk hier eers dat die vroue se gegis oor Raka *(Raka* bladsye 6–7) taamlik raak was. Daardeur word die swemtoneel reeds van die begin af voorberei en in die vooruitsig gestel.

Uit die feit dat Koki, die kultuurdraer, die held, se swemplek met anorganiese terme beskryf word, kan 'n mens miskien aflei dat Koki in 'n sekere sin steriel is. Hy verteenwoordig 'n toppunt van die kulturele ontwikkeling en die uiteinde van die tradisie. 'n Nuwe begin is nodig, al is dit dan wreed, dierlik en selfs so boos soos Raka self. Van die tradisie as 'n lewende mag, as iets wat werklik vergelyk kan word met "'n naelstring van sagte, kloppende bloed" (p. 18), kom daar in *Raka* weinig tereg.

VOETNOTE:

1. Vgl. Marchant, P., *The Epic,* London, Methuen, 1971, p. vii – viii.
2. Vgl. Delasanta, R., *The epic voice,* The Hague, Paris, Mouton, 1967, p. 11.
3. 'n Term van A.P. Grové, *Raka,* Pretoria, Kaapstad, Academica (Blokboeke), 10de druk, 1976, p. 7.
4. Delasanta, a.w., p. 14.
5. Ek haal aan uit die 20ste druk, 1971.
6. Delasanta, a.w., p. 15.
7. Vgl. bv. 1, 73, 127; 2, 128; 4, 133; 5, 77.
8. A.w., p. 51.
9. Vgl. Tillyard, E.W.M., *The English Epic and its background,* London, Chatto & Windus, 1954, p. 8–12.
10. Grové, a.w., p. 7.
11. Marchant, a.w., p. 4.
12. Grové, A.P., *Woord en wonder,* Kaapstad, Nasou, vierde uitgawe, tweede druk, 1974, hoofstuk 2.
13. Van Rensburg, F.I.J., *Raka:* "Optimisme oor die wêreld", *Sublieme ambag,* Kaapstad, Tafelberg, 1975, p. 117–133.

Vir verdere studie

1. Probeer bepaal of water 'n simboliese betekenis in *Raka* kry en wat die funksie daarvan is.

2. Werk die teenstelling tussen Koki en Raka verder uit. Is Raka net boos en Koki net goed? Kyk bv. na die gebruik van woorde soos *swart* en *wit* en Raka se dierlike en meslike cienskappe.

3. Hoe beïnvloed 'n beskrywing van die perspektief in *Raka* die uiteindelike interpretasie daarvan?

Verdere bronne

CLOETE, T.T. *Op die woord af:* Johannesburg, ens. Nasionale Boekhandel. 1963.

LOMBARD, M. *Tyd as struktuurelement in* "Raka" *van N.P. van Wyk Louw.* M.A.-verh. P.U. vir C.H.O. 1975.